

Die Voortrekkers Transvaal

VLOTVAART REËLS

1. DELE VAN VLOT

1.1 Aangesien veiligheid van die uiterste belang is, moet aan die onderstreepte vereistes voldoen word. Die ander voorskrifte dien as riglyn en mag van afgewyk word.

1.2 Die Kampleier het die finale beslissing om 'n vlot toegang tot die water te verleen.

1.3 Ondervinding het geleer dat 'n vlot wat te klein is onstabiel met 7 persone op is, terwyl 'n te groot een, lomp en swaar is.

1.4 Afmetings:

Lengte: 3 x 210 liter drom lengtes plus 4 paalbreedtes van 7 cm elk [$\pm 3,6$ m].

Wydte: Sal deur die roeispaanlengte bepaal word, met inagneming dat die roeimik op die dek en nie die raam aangebring word nie [2,5 – 3,0 m].

1.5 Dromme:

6 x 210 liter metaal/plastiek, sonder vaartbelyning of enige hakke of ringe of ander aangesweiste stukke om die vasmaak daarvan aan die raam te vergemaklik. Die dromme moet waterdig wees en mag nie met enige gasse of stowwe gevul wees nie.

1.6 Pale:

8 ronde pale, (4 x $\pm 3,6$ m en 4 x 2,5-3,0 m), lank genoeg om te pas by die buitemate van die vlot, op voorwaarde dat die pale nie dunner as 7 cm in deursnit mag wees nie. Die pale mag by kruispunte effens afgeplat wees, maar geen tappe mag gebruik word nie en daar mag geen kepe in die pale wees nie. Die pale mag by die kruispunte slegs met tou vasgewoel word.

1.7 Tou:

Slegs SISAL- of KATOENTOU met 'n minimum dikte van 5 mm mag gebruik word. Geen nylon-, poliëster-, poli-propoleen- of akrieltoue sal toegelaat word nie. Alle toue se punte moet afgewerk/beset wees.

1.8 Dek:

Elke vlot moet 'n dek hê. Die dek moet 'n eenheid sonder enige openinge vorm, wat die hele ruimte binne die buiteraam dek en op ten minste vier plekke daaraan vas is. Die dek moet van 'n harde materiaal wees.

Die dek kan uit meer as een naastenby ewe groot dele bestaan, solank dit net een oppervlak vorm nadat dit aanmekaar gesit is.

[Hierdie bepaling skakel hortjies- en latdekke, sowel as die bokant van die dromme as dekke, uit]

1.9 Roeimikke en spane:

1.9.1 Maksimum van 4 roeimikke op 'n gerieflike hoogte vanaf die dek, sonder koeëllaers. Die roeimikke mag nie aan die raam nie, maar slegs aan die dek vas wees. Die roeimikke mag bo toe wees. Die spane mag nie aan die roeimikke gekoppel word nie. Die spane mag van 'n kraag voorsien word om te keer dat dit in die water val. Die spane moet deur die roeimik tot op die vlot teruggetrek kan word as dit nodig is.

1.9.2 Roeispane, minstens 4, maksimum 6 per vlot. Een roeispaan mag as roer gebruik word, maar slegs 4 persone mag op 'n slag roei [10 minute straf word op 'n vlot gelê vir elke roeispaan wat te veel in die water is]. Ondervinding leer dat heelwat roeispane breek of buig. Sorgvuldige aandag moet aan die verhouding sterkte tot lengte gegee word.

1.10 Ligte:

Ligte, gaslampe of lanterns mag gebruik word. Alle ligte moet egter vir die volle duur van die vlotvaart brand. Lanterns en gaslampe moet in ligkaste beskerm word.

Ligte moet soos volg gekleur en gerangskik word:

Rooi – links voor – sigbaar van voor- en linkerkant van vlot.

Groen – regs voor – sigbaar van voor- en regterkant van vlot.

Wit – van alle kante af sigbaar.

Groen en rooi ligte mag nie meer as 30cm bokant die vlotdek wees nie.

1.11 Vaandel:

'n Driehoekige vaandel van 'n stywe materiaal soos hout of metaalplaat, maar nie lap nie, met 40 cm lange sye aan 'n maspaal van nie korter as 1,5 m vasgeheg. Die maspaal moet aan die voorkant van die vlot wees. Die vaandel moet 'n wit basis hê met die vlotnommer in swart op albei die kante. Die syfers van die nommer mag nie kleiner as 10 cm wees nie en maklik leesbaar wees in die lig van 'n flits op 10 m afstand. Vlotnommers word normaalweg deur die komitee gegeneer, bv. WR2 (Wapadrand, vlot 2) of OGR1 (Oord Goudrand, vlot 1) en moet vóóraf bevestig word. Vlotnommers kan self gegeneer word, maar moet in die formaat wees, soos hierbo genoem. Bevestig hierdie nommer(s) met inskrywing.

1.12 Noodflits:

Die 2 of 4 sel flits wat vir noodseine gebruik moet word [onthou die batterye] moet aan die maspaal vasgeheg word sodat dit maklik hanteer kan word en nie oorboord sal val nie. Ingeval van nood moet die flits geflikker word na die hoë waarnemingspos of na die motorbote wat die vaart vergesel. Die pos sal by die aanvang van die vlotvaart aan die vlotoffisiere uitgewys word.

1.13 Vasmeertou:

'n Vasmeertou, 4 m lank, met 'n 25 cm lange houtpen aan die loospunt vir vasmeerdoeleindes [sowel as sleep as dit nodig is] moet stewig aan die onderstel van die vlot vasgemaak word.

1.14 Roer, ens:

'n Roer, veiligheidsreelings, sitplekke, ens. is opsioneel.

1.15 Plastieksak:

Onthou 'n plastieksak waarin die vaartlog, gedurende die vaart, geplaas kan word om dit droog te hou.

2. GEMODIFISEERDE VLOTTE


Die volgende reëls sal geld:

- 2.1 Die vlot moet uit al die basiese dele van 'n standaard vlot bestaan. Die reëls vir die bou van 'n standaard vlot word toegepas.
- 2.2 Roeimikke mag koeëllaers bevat, maar die spane moet nog op die vlot teruggetrek kan word by tewaterlating en vasmering.
- 2.3 Koeëls wat vaartbelyning kan bevorder mag aan die twee voorste dromme aangebring word.
- 2.4 Om weerstand te verminder mag die openinge tussen die dromme toegemaak word nadat die vlot klaar gebou is, m.a.w. nie permanent aangeheg nie.
- 2.5 Die dromme moet met gewone lug gevul wees.
- 2.6 Enige ander veranderinge kan aangebring word mits dit nie, volgens die komitee, die veiligheid van die vlot benadeel nie. Aandrywing moet nog steeds deur 4 roeispane geskied.
- 2.7 Die bemanningslede mag enige jeuglede van Graad 6 tot Graad 12, en/of volwassenes insluit.

3. BOU VAN VLOT

- 3.1 Boutyd word nie in berekening gebring by nie. Boubesker sal deurgaans toegepas word om te verseker dat alle vlotte watervaardig is. Die beslissing van die Hoofboubeskerbeampte sal finaal wees.
- 3.2 Alle kommando's laai die vlotdele op hul "plotte" af. Vlotdele kan rangskik word soos verkies.
- 3.3 Geen toue mag aan die pale vas wees nie.
- 3.4 Voordat toestemming gegee word om te bou, moet die boubeskerbeampte die dromme toets om te bepaal of hulle nie moontlike lekplekke het nie.

- 3.5 Die raam mag op die dromme gebou word.
- 3.6 Die drie dromme wat in 'n ry lê mag nie aanmekaar raak of gebout of met koppelstukke geheg wees nie. Daar moet minstens 'n 7 cm opening tussen twee aanliggende dromme wees.
- 3.7 Dromme moet met minstens twee enkeltoue elk aan die raam vas wees, soos in die skets
- 3.8 Die raam moet so vasgewoel wees dat dit nie skuif nie en dat die dromme nie deur kan druk nie.



- 3.9 Sodra die raamwerk aan die dromme vas is, toets die Boubeheerbeapte die stewigheid en korrektheid van die knope en vaswoele [kniehalter, kruisvaswoel en skuifknoop] – netheid word nie getoets nie. Wanneer hy tevrede is mag die dek en die dek-onderdele aangebring word.
- 3.10 Voordat die finale inspeksie gedoen word, moet al die dryfbaadjies en roeispane op die vlot wees. Die ligte moet brand en die hele vlot, sodat die dromme nie meer op die grond rus nie, moet vir ten minste drie sekondes opgetel word. Omstanders mag hiermee help en die Boubeheerbeapte moet voel of elke drom stewig aan die raam vas is. Hy sal ook die stewigheid van die vlot in sy geheel toets.
- 3.11 Die Boubeheerbeapte sal nou toestemming gee dat die vlot na die tewaterlating geneem mag word. Die ligte op die vlot mag nou afgeskakel word.

4. TEWATERLATING

- 4.1 Na 'n finale inspeksie by die tewaterlatingspunt, om toe te sien dat die roeimikke en spane aan die vereistes voldoen, dat al die ligte brand, dat die vaandel daar is, die vasmeertou aangebring is, en dat daar voldoende dryfbaadjies is, mag toestemming gegee word dat die vlot tewater gelaat word. Hierna moet die vlot na die vertrekpunt geroei word en die vertrekopdrag verkry word.
- 4.2 Terwyl om toestemming om op die water te gaan gewag word, moet die eerste roeipan plus die vlotoffisier met hul dryfbaadjies aan, op die vlot sit en wag.

5. VERTREK

By die vertrekpunt sal die afsitter toestemming gee dat die vaartlog by Hoofbeheer afgehaal word. Nadat die vaartlog ontvang is, moet die afsitter seker maak dat die vaartlog op die vlot meegeneem word en kan die vlot dan vertrek.

6. VAARTREËLS

- 6.1 Dryfbaadjies moet ten alle tye aangehou word en vas wees! [10 minute straf tyd vir elke los dryfbaadjie]
- 6.2 Ligte moet altyd brand en sigbaar wees. [10 minute straf tyd vir elke dooie lig]
- 6.3 Verbysteek
- 6.3.1 Van agter – vlot verander koers en steek aan die stuurboordkant [regterkant] verby.
- 6.3.2 Van voor – albei vlotte verander koers na die stuurboordkant [regterkant].
- 6.3.3 Kruisings – vlot aan stuurboordkant [regterkant] het reg van weg.
- 6.4 By draaipunt
- 6.4.1 Slegs in 'n noodgeval mag die bemanning hier die vlot verlaat.
- 6.4.2 Toeskouers word nie hier toegelaat nie.
- 6.5 Omruilpunt
- 6.5.1 Geen jeuglid mag van 'n vlot afspring in die water en swem om tyd te wen nie. Indien oortree word, sal 10 minute straf tyd op die vlot gelê word.
- 6.5.2 Meld aan en kry toestemming om die vaartlog tesame met die lys van name van roeiers en vlotoffisier op die volgende roeibeen, by Hoofbeheer in te handig.
- 6.5.3 Die vlot moet vasgemeer word op 'n plek daarvoor aangedui.
- 6.5.4 Tyd mag aan noodherstelwerk aan die vlot spandeer word.
- 6.6 Laaste skof vir die vlotvaart word deur die Kampleier bepaal.

7. VAARTLOG

Die vaartlog moet droog gehou word in 'n plastieksak. Nat vaartlogs sal nie aanvaar word nie.

8. VERWYDERING VAN VLOTTE

8.1 Vlotte mag na afloop van die vaart uit die water gehaal word.

8.2 Na opruiming van die terrein word die Vaart met 'n prysuitdeling afgesluit.

9. REDDINGSBAADJIES

Geen persoon mag sonder 'n SABS goedgekeurde reddingsbaadjie op 'n vlot wees nie. Hou asseblief ook 'n realistiese balans tussen die grootte van die persoon teenoor die grootte van die baadjie!

10. TYDSDUUR

Die Vlotvaart begin om 21h00 en duur tot om 06h00. Vlotte op die water teen 06:00 sal toegelaat word om daardie been te voltooi.

---oooOOOooo---